# STROOM~OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
3DE TERMYN 1984


# AFFIES SLAAN DUBBEL HARD!

## RUGBY: Wit Golf Seëvier

**AFFIES se eerste span het vanjaar, in die stryd om die gesogte Administrateursbeker, bewys dat die Wit Bulle 'n span is waarmee rekening gehou moet word. Daar is nie alleen rugby uit die hoogste rakke gespeel nie, maar die naam van die skool is ook waardig uitgebou.**

Aan die vooraand van Affies se toetrede tot die Administrateursbekerkompetisie van 1984 verklaar elke Wit Bul diep uit sy hart uit dat hy bewus is van die stryd wat op hom wag, maar dat hy glo dat hy met die krag en hulp van ons Hemelse Vader en met spel wat gebasseer is op 'n Christelike lewenswyse vanjaar vir Affies alles op die rugbyveld gaan gee. Elkeen beloof om lojaal teenoor elke spanlid en afrigter te wees — en 'n magtige onoorwonne alliansie word gesluit.

### Spelers en Afrigter

Met hierdie wonderlike vriendskapsband tussen speler en medespeler asook tussen speler en afrigter het die Affies vanjaar hul eerste wedstryde aangepak.

Reeds tydens die vriendskaplike wedstryde vroeg in die seisoen, het dr. van der Merwe verklaar dat Affies weer vir Monnas vorentoe op die pad om die Administrateursbeker sou raakloop — en gou sou sy woorde waar word.

Tydens die vriendskaplike wedstryde het die Wit Bulle getoon dat dié span wat in 1984 die Administrateursbeker wou wen eers maar die Affies sou moes klop — en dit is baie gevra!

### Ligawedstryde

Uiteindelik het die stryd tussen die bulle begin. Op Loftus Versfeld kry Affies reeds op 5 Mei 1984 in hul eerste wedstryd om die Administrateursbeker te doen met die omgekrapte span van John Vorster. Met skitterspel word John Vorster met 34-9 skoon uit die kompetisie gespeel!

### Naelskraap-halfeind

Die kwarteindronde wen Affies teen Brandwag in 'n moeilike wedstryd met 7-3 en toe die halfeind teen Gimmies. Wie sal die dag ooit vergeet! Alles het vir die Affies hopeloos en verlore begin lyk. Selfs dr. van der Merwe het vir die eerste keer die seisoen vir hom 'n sitplek op die groen gras van Loftus gaan soek — en toe gebeur alles baie vinnig. Met geen speeltyd meer oor nie, en die telling 16-14 teen die Affies begin die Wit Bulle met 'n verwoede aanslag. Vyf en twintig keer is die bal heen en weer oor die veld geslinger, van die een kant na die ander kant is die bal hanteer en toe gebeur dit. Keilbrick draai om, hardloop vier teenstanders uit die pad uit; gee die bal vir Mark Minaar en Mark gaan druk die mooiste drie nog ooit op Loftus, in die hoekie! Op hierdie stadium was al wat toeskouer is op sy voete — en vriend en vyand gee hul eerbied en lof aan 'n "Groot Span!" Affies wen 18-16.



*Die seëvierende kapteins: L. Hansen (Tennis), S. Coetzee (Rugby) en mnr. N.C. Roesch (hoof).*

### Finaal

Die finaal word op Krugersdorp gespeel en Affies en Monnas eindig gelykop met 10 elk. As skolerugby só gespeel word, is die seuns en die toekoms van Suid-Afrika kerngesond. Hierby moet ook 'n spesiale woord van dank aan albei die afrigters gerig word.

Elke rugbyliefhebber kan in alle eerlikheid erken dat spel van hoogstaande gehalte opgedis is.

"Namens al die spelers bedank ons dr. v.d. Merwe vir sy toewyding hulp en kameraadskap."

## TENNIS: Vierkuns behaal

**SEDERT die instelling van die Administrateursbeker vir Tennis in 1972, speel Affies nog elke jaar in die finaal. Vanjaar wen Affies die gesogte trofee vir die vierde agtereenvolgende jaar!**

Onder die afrigting van mnr. Bezuidenhout het die span in die enkels- en dubbelspel voortreflik presteer. Die strafste teenstanders in Noord-Transvaal: Boys High, Menlopark en Hendrik Verwoerd is maklik verslaan. Voor die spelers dit kon besef, het hulle in die half eindronde teen Benoni High te staan gekom. Benoni High is met 5-0 verslaan. In die daaropvolgende finaal, teen Linden Hoërskool, het Affies bewys dat sy tennis dié beste in Transvaal is. In 'n spannende wedstryd is Linden met 5-1 verpletter.

### Gemengde Liga

In die gemengde liga, waar A.H.S. en A.H.M. saam gespeel het, het die eerste span hul liga gewen. Die 3e span het die 2e liga gewen.

Daar kan met groot verwagting uitgesien word na volgende jaar se tennis. Die juniors sal die manne wat weggaan, se plek goed volstaan en so ook mnr. H. van Huyssteen wat oorneem as afrigter.

● *Wat egter 'n groot verlies vir tennis is, is die feit dat mnr. Bezuidenhout aan die einde van die jaar aftree. Sy hulp en raad sal gemis word. Die span wens hom alle sterkte toe in wat hy nou gaan aanpak.*

### Individuele Prestasies

Marius Masenkamp het hierdie jaar besonder goed presteer, deur Springbokkleure te verwerf en aan die beroemde Wimbledon toernooi deel te neem. Marius en Ludwig Hansen (kaptein van die skoolspan) is ook tot die Noord-Transvaal Juniorspan verkies. Die hele eerste span het die Noord-Transvaalspan gehaal! Die ander spelers, Martin Badenhorst, Francois Sauer, Emiel Fourie en Karel Olën het dan ook die span gehaal.

Weens sy deelname aan die Winbledon toernooi, was Marius vir 'n groot deel van die seisoen dus nie hier nie. Sy plek is goed volgestaan deur Karel Olën.

# 'n Halwe eeu plus 'n dekade!

**1 OKTOBER 1924 was die geboortedag van ons geagte en geliefde prinsipale. Vanaf daardie dag het sy 'n lang paadjie geloop, soms berg-op en op 1 Oktober 1984 kon sy terugkyk na 'n vol en mooi lewe.**

Elke Affie het baie opgewonde vroeg opgestaan en haar mandjie gepak. (O ja, geen tasse is saamgeneem skool toe nie!) Vanaf 7 uur is daar gewoel en gewerfskaf op die groot grasperk. Tafels is versier en 'n feestelike stemming het geheers. Een klas het 'n groot rooi hartjie gehad waarop geskryf was: Liefde is.... Juffrou Holtzhausen! St. 6A het met die louere weggestap vir die tafel wat die mooiste versier is. Hul tema was: Die goeie ou dae! Elkeen het 'n heerlike roomys as prys ontvang.

Agt uur het almal na die saal gegaan. Mev. Boardman het geopen met Skriflesing en gebed. Daarna het die koor opgetree. Elsa Oosthuizen het mej. Holtzhausen gelukgewens namens die leerlinge en gesê dat die Here geweet het op watter dag om haar gebore te laat word — die eerste dag van die mooiste, mooiste maand en die Affies hoop dat die nuwe lewensjaar vir haar, van al die jare tot dusver die mooiste, mooiste jaar sal wees.



*Mej. Holtzhausen op haar 60ste verjaardag*

Mev. Anto Swart het namens die ouers haar gelukwensinge oorgedra en juf. bedank vir haar "berispings". Sy sê ons luister baie eeder vir juf. as vir hulle. Mev. Elke Gärtner, 'n oud-affie en tans onderwyseres het 'n gelukwensing oorgedra namens die oud-leerlinge. Mev. Rentia Nel het namens die personeel gelukgewens. Telkens was daar pragtig klavier-, viool-, en sangitems wat van die geleentheid 'n groot sukses gemaak het.

Almal het hard gespook om geld bymekaar te maak vir 'n GROOT geskenk. Juffrou was dan ook baie in haar skik met haar pragtige Persiese mat — 'n museumstuk voorwaar! Elke klas het 'n pragtige ruiker vir haar ingebring en 'n ry van 32 ruikers het haar heeltemal oorweldig — wat doen blomme tog nie alles aan 'n vrou nie? Mevv. Elma Swanepoel en Theresa Prinsloo het daarna 'n meesterlike vertolking gegee van die Sonate in D-majoor K.V. 488, Deel III. 'n Baie bewoë mej. Holtzhausen het toe op 'n eg pittige manier aan ons staaltjies uit haar ervaringe vertel. Mev. van Schalkwyk het hoofstuk 1 van die 1984-jaarblad aan juffrou oorhandig. Hierdie jaar word ons blad opgedra aan ons hoof wat 'n halwe eeu plus 'n dekade oud is!

Nadat ons "Laat Heer U Seën op haar daal" gesing het, het almal afgestap na die groot grasperk. 'n Mini-gimnastrada wat bestaan het uit ritmiese oefeninge en vloerreekse het toe plaasgevind. St. 8F, 6C, 7E, 6B, 7D, Yolande Prinsloo, Renate le Roux, Derize Boshoff en Connie Dykman het opgetree.

# REDAKSIONEEL

## Redaksie





**Redakteur**
Awie Marais
**Redaktrise**
Melissa Cronje
**Sub Redakteur**
Stephan de Beer
**Sub-Redaktrise**
Lorinda Botha
**Algemeen**
Louis Pretorius, Gordon Verster, Johan Stumpf, Herman Rolfes, Marlise de Vos, Maryke de Beer, Carla Pretorius, Hanneke van der Westhuizen
**Sport**
Johan Beyers, Johan van Rooyen, Fanie Hartman, Con Purchase, Jacques Engelbrecht, Ute Robbertse, Nicolette Rose-Innes, Karin van Vuuren, Gené Visagie
**Kultuur**
Hennie Jordaan, Alistair Moorhouse, Johannes Venter, Danie Brand, Senta van der Merwe, Elda Kleynhans, Juanita du Venage, Esthea van Schalkwyk
**Foto's**
Nico Kriek, Naas Raubenheimer, Nico Olivier, Karien Steyn, Andrea Steynberg
**Advertensies**
Dirk Wynbeek, Hedwig Barry, Esté Windell


## 'n Nuwe Stroom-op

**Die stem van Affies**

DIE Stroom-op van 1985 beloof om iets heel nuuts te wees, met behulp van die bydrae van elke Affie. Daar is die afgelope paar jaar gevind dat die hele Stroom-op alleenlik deur die Redaksie geskryf is en sodoende het 'n groot hoeveelheid opwindende en pittige nuus verlore gegaan.

**Wat gaan ons omtrent die saak doen?**

Daar is besluit dat elke klas vanaf 1985 elke week een berig óf foto óf grappie óf spotprent óf net wat hulle wil moet inhandig. Dus kan daar 'n groter verskeidenheid artikels geplaas word om sodoende leesgenot en opwinding vir die lesers te verskaf. Ook word elke Affie dan by die koerant betrek en kan ons die STEM VAN AFFIES laat hoor.

**Die kans waarvoor jy nog altyd wag!**

Is jy iemand wat kortverhale skryf of nog altyd wou probeer skryf? Wel, hier is jou kans. Skryf een of meer kort kortverhale óf selfs 'n baie goeie opstel en gee dit aan Stroom-op. Dalk is jy gelukkig en word jou kortverhaal geplaas. Jy verwerf dan onmiddelik byna 2 000 lesers. Jou eerste stap tot beroemdheid.

DIE Stroom-Opmiddelblad word weer die Affie-kaleideskoop. Die besluit is geneem na aanleiding van talle versoeke om die middelblad terug te verander na die oorspronklike vorm.

Uit deeglike navorsing wat daarop gevolg het, het die geblyk dat Affies die mengelmoes van foto's verkies, eerder as 'n paar onpersoonlike, regop fotos, met myle se byskrifte.

Die redaksie is oortuig daarvan dat dié verandering elke Affiehart sal bly maak en dat die fotoblad voortaan weer die hoogtepunt (middelpunt) van die Stroom-Op sal wees.

*Karien Steyn*

### PRYSE!

Daar is besluit om pryse toe te ken aan die beste berig, foto grappie, spotprent en kortverhaal van die termyn. Dus, wend jou beste pogings aan en wees een van ons talle gelukkige wenners.

Kom nou Affies! As ons almal positief saamwerk, kan ons, ons stem laat hoor en van die "NUWE" Stroom-op 'n groot sukses maak!

*Redaksie 1985*

## LESERSPEN

*Geagte Redaksie*

*Wat op aarde het geword van ons eie foto-middelblad in die vorige uitgawe?*

*Die pret om jou en jou vriendinne/vriende iewers op die fotos's uit te ken het nog altyd bygedra tot "Stroom-op" se gewildheid. Die foto's bied 'n veelsydige, interessante visuele beeld van gebeure in en om ons skole.*

*Ons rig 'n ernstige versoek dat die foto-middelblad vanaf die volgende uitgawe weer 'n instelling sal wees.*

*Aldie-Affiesinagt*

*Liewe Redaksie*


*Dit is nou reeds geruime tyd dat ons ongelukkig voel oor die Stroom-op se metamorfose. Dit het van 'n ware, prettige en interessante skoolkoerant (wat alles van Affies vertel het) verander in 'n ernstige skoolblad met min om die lagspiere te prikkel.*

*Veral die foto-middelblad was groot vermaak en báie veelseggend. Dit was die middelpunt van belangstelling onder álmal. Ons het nooit uitgekuier geraak met dié bladsye nie; dit was 'n interessante blik op die skoollewe. Stroom-op was altyd eerste oopgemaak by die middelblad en daar is weer heel laaste dáár ingeloer.*

*Kan ons nie maar weer 'n vrolike, egter stukkie Affie kry nie? Bring asseblief die fotoblad terug!*

*Liefde*
*Foto-maniakke*

## OUD-AFFIE van die TERMYN



*Die gevierde Dr. J.G.H. Loubser, Pr. Ing., B.Sc. Ing., D. Ing. (H.C.) (Stellenbosch) D. Comm (R.A.U.)*

**Lewe**

Jacobus Gustav Hans Loubser is gebore op 14 Janarie 1920 in die Koeberg Distrik buite Kaapstad. Hy matrikuleer aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria.

Nadat hy die graad B.Sc. in Meganiese Ingenieurswese aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal het, sluit hy by die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste aan op 27 Februarie 1942. Vanaf 1970 tot Januarie 1983 beklee hy die posisie van Hoofbestuurder.

**Prestasies**

Dr. Loubser was 'n lid van die Eerste Minister se Ekonomiese- en Advies- rade, die Energie Beleidskomitee en die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde. Hy is nog steeds 'n lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Amerikaanse Vereniging van Meganiese Ingenieurs, Raad van die Randse Afrikaans Universiteit, Suid-Afrikaanse Spoorweg Ingenieursvereniging, ere-lid van die Suid-Afrikaanse Instituut van Meganiese Ingenieurs en 'n stigterslid van die Ingenieursvereniging van Suid-Afrika, waarvan hy President was in 1971/72 en 1972/73. Hy is ook 'n Ere-lid van die Suid-Afrikaanse Instituut van Marine Ingenieurs en Ere Professor in Vervoerekonomie aan die Randse Afrikaanse Universiteit.

In 1974 is die A.H. Guy-medalje deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Gieterywese aan hom toegeken vir uitstaande diens aan die gietery tegnologie in Suid-Afrika.

**Top sakeman**

Dr. Loubser is in 1976 as een van die vyf top sakemanne in Suid-Afrika benoem deur die "Sunday Times", terwyl die Suid-Afrikaanse Handels Instituut die Tienie Louw-toekenning aan hom gemaak het in 1978 vir uitstaande prestasie in die besigheidswêreld.

**Vereer**

Die Universiteit van Stellenbosch bekroon dr. Loubser met die graad van Doktor in Ingenieurswese Honoris Causa in 1977, terwyl die Randse Afrikaanse Universiteit die graad Doktor in Ekonomie en Bestuurwetenskap in 1978 Honoris Causa aan hom toeken.

Die Universiteit van die Witwatersrand vereer dr. Loubser vir sy uitstaande bydrae in die vervoerwese deur aan hom die Wits Alumni-Ere-toekenning te maak in 1982. In 1983 ontvang hy die Jaarlikse Toekenning vir uitstaande dienste aan die Ingenieursprofessie.

Na sy aftrede as Hoofbestuurder van die S.A. Vervoerdienste is dr. Loubser aangestel as direkteur van verskeie groot maatskappye o.a. SANLAM; Sappi Bpk, Toyota, Federale Volksbeleggings Bpk., United Bouvereniging, Sandock-Austral, Everite, Pretoria Portland Cement en Gencor. Dr. Loubser is ook 'n konsultant vir Siemens S.A. Bpk.

**Algemeen**

Dr. Loubser is getroud met Rita Loubser, dogter van wyle dr. J.D. du Preez van Pretoria. Uit die huwelik is twee dogters en 'n seun gebore. Dr. Loubser se stokperdjies behels veral sweiswerk, fotografie en beluistering van Klassieke Musiek.

## *Sing, Sing, deur die Land*

DIE koor wen die Administrateursbeker en is naaswenner in Applous '84. Die 1984-koorjaar is nou verby. Die A.H.M.-koor kan glad nie kla van te min opwinding nie — elke sangminuut van hierdie jaar was louter vreugde.

1984 het begin - met 'n *nuwe* koorleidster, 'n *nuwe* begeleidster en 'n koor met talle *nuwe* lede. Maar ons vreemdheid gou uitgestryk en spoedig het die koor soos goeie ou vriende saamgesing — en sukses behaal.

Onder leiding van ons koorleidster, mev. Elmi Krüger, en begeleidster, mev. Elma Swanepoel, het die koor aan die Applous '84 — en die Administrateursbeker-kompetisie deelgeneem. Die eerste rondte was suksesvol en het A.H.M.P. as die streekwenners uitgetree.

In die Linder ouditorium in Johannesburg het die gemoedere hoog geloop tydens die finale mededinging om die Administrateursbeker: Twee wenners is aangekondig: Helpmekaar Hoër Meisieskool en Afrikaanse Hoër Meisieskool.

Applous '84 se provinsiale uitdun is ook deur A.H.M.P. se koor gewen. Maar nog was dit 't einde niet. Op 7 Julie 1984, in die hartjie van die winter, het ons die finale kompetisie om die Apploustrofee gehad. Die spanning het hoog geloop. Dit was amper-amper, maar net nie stamper? D.F. Malanhoërskool van die Kaap het met een punt meer die louere ingeoes. (Was mej. Holtzhausen dáár in die gehoorsaal en nié oorsee nie, het ons dalk-dalk die pyp gerook. Geen kwade gevoelens!) Die Kapenaars was maar net beter as die Vaalpense!

Hierdie kompetisies het die koor 'n groot lewensles geleer. Niks groots word ooit sonder entoesiasme bereik nie.

Die kompetisie is verby. Maar vir die koor is die hoogtepunt van die skool- en koorjaar beslis die Kerkafsluiting in die Ooskerk. Om dáár saam met ons skoolmaats, ons juffrouens, ons hoof, ons ouers lof en dank aan God met ons sang en harte te bring, is dié grootste én 'n grootse belewenis.

*Esthea v. Schalkwyk*

## Baie Dankie

*Liewe Matriek Redaksie '84*
*Graag wil ons, Redaksie '85, van hierdie geleentheid gebruik maak om julle namens die leerlinge te bedank vir jul harde werk die afgelope twee jaar. Dit was vir ons 'n genot om saam met julle te werk en by julle te leer.*

*Baie sterkte, voorspoed en geluk op jul lewenspaaie vorentoe.*

*Nogmaals dankie.*

*Redaksie '85*



*A.H.M. Koor '84*

# Affies trots op Oud-Skoolhoof

## Lewenskets van J.D.V. TERBLANCHE

**JOHAN DAVID VILLIERS TERBLANCHE is in Johannesburg gebore en het aan die Hoërskool Vrede gematrikuleer. Hy het sy onderwysopleiding aan die POK ontvang en die grade BA, BA Honneurs en MA (Engels) aan die PU vir CHO behaal.**


In 1952 tree hy toe tot die onderwysberoep, die begin van 'n loopbaan wat 'n verskeidenheid poste soos die volgende insluit: Onderwyser by die Afrikaanse Hoërskool Germiston, Hoërskool Klerksdorp, Hoërskool Rustenburg; Hoof van die Hoërskool Dr Malan en die Afrikaanse Hoër Seunskool; Inspekteur van Onderwys vir Engels (tweede taal); Rektor van die Onderwyskollege Pretoria, Assistent-Direkteur van Onderwys in die Transvaalse Onderwysdepartement en sedert Maart 1981 Adjunk-Direkteur.

Mnr. Terblanche het lank as hoofeksaminator vir Engels (tweede taal) opgetree. Hy was ook vir 'n geruime tyd organiseerder van kursusse in skooladministrasie vir hoofde van skole. Hy dien in talle departementele en interdepartementele komitees en is tans lid van NAKOS, die IAIO en voorsitter van die IAKO, IAEK, PADKO en ADKO. Voor sy aanstelling in die hoofkantoor van die TOD het hy 'n aktiewe rol gespeel in die georganiseerde onderwysprofessie, beide in die Federale Raad van Onderwysersverenigings (voorsitter 1977-1979) en as lid van die Transvaalse Onderwysvereniging (voorsitter 1975-1979). Mnr. Terblanche was ook stigterslid en eerste voorsitter van die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad.

In 1979 was hy lid van 'n amptelike sending van die TOD wat 'n uitgebreide studiereis deur 'n aantal Westerse lande onderneem het. In 1982 het hy 'n tweede studiereis aan die buiteland gebring.

Op 1 September 1984 aanvaar hy diens as Direkteur van Onderwys.

Mnr. Terblanche is met mej. Doret Marais getroud en vier kinders (drie oud-Affies en 'n Affie) is uit die huwelik gebore.



*Mnr. J.D.V. Terblanche Oud-skoolhoof van A.H.S.*

Aan die Afrikaanse Hoër Seunskool het hy slegs die aangename herinneringe. Hy onthou die skare seuns met hulle groot potensiaal en besondere lojaliteit en self-dissipline. Hulle het nie noodwendig met alles wat gesê word saamgestem nie, maar as hulle hul tot 'n saak verbind het, kon en het hulle berge versit. Ook die Onderwysers en ouers van die skool het 'n onuitwisbare indruk op hom gemaak.

Op Vrydag, 5 Oktober, het die Stroom-op redakteur 'n persoonlike onderhoud met meneer J.D.V. Terblanche, die Direkteur van Onderwys, gevoer. Dit het duidelik geblyk dat die TOD en die leerlinge van Transvaal in 'n bekwame man se sorg toevertrou is.


Op 'n vraag hoe hy die verband tussen sport en akademie sien, was sy antwoord dat die skool 'n leerskool vir die lewe is. Die kind word volledig begelei en gevorm vir die volwasse lewe en daarom moet daar 'n gesonde balans tussen sport en akademie wees. Die kind se potensiaal word ontgin deur alles wat op skool aangebied word en is daarop gerig om sy volle menswees te ontplooi en uit te bou.

In antwoord op 'n vraag het mnr. Terblanche gesê dat die projek in verband met die interne eksaminering 'n groot bydrae gelewer het ter professionalisering van die onderwysberoep, die verfyning van die evalueringstelsel en dat dit tot verryking van alle betrokkenes gelei het.

Tydens die onderhoud met die nuwe Direkteur van Onderwys, het dit duidelik geblyk waaraan sy sukses toegeskryf kan word. Hy toon 'n diepe dankbaarheid en erkentlikheid jeëns God vir die kanse wat hom in die lewe gegun is. Hy skroom nie om nederige erkenning te gee aan mense wat sy pad gekruis het en steeds kruis nie — sy lojaliteit jeens dié mense maak hom groot. Sy hoflikheid, doelgerigtheid, vasberadenheid, geloof in sy kollegas en die jeug van sy volk en sy diepe godsdienssin strek hom tot eer. Sy lewe word gekenmerk deur bekroonde sukses omdat hy daarvoor gewerk het. Aan die Affies is sy boodskap dan ook: "Glo en werk. Laat daar lig wees!"

Namens Stroom-op wil ons mnr. Terblanche sterkte toebid vir sy belangrike taak en aan hom sê ons glo in hom want hy glo in sy God. Sy woorde dat iemand wat in Sy diens vir 'n saak werk ware vryheid ervaar, versterk ons vertroue in hom.

# Sy streel harpsnare en hartsnare



*Esmé van Achterberg — puik harpspeelster.*

TYDENS die Donderdag-oefening voor die kerkafsluiting het die pragtige, suiwer klanke van 'n harp, skielik, soos vanuit die niet bygekom!

Dié klanke het hulle oorsprong gehad op die galery langs die sewes (wat hulle met pieringgrootte oë sit en verwonder het). 'n Oorwegend doodsbenoude Esmé van Achterbergh het die sang (onder leiding van mev. Krüger) begelei.

Esmé het op die ouderdom van 'n 10 besluit om vir haar met 'n erflating 'n harp aan te skaf. Van toe af het sy by Olga Brink les geneem.

'n Maand of wat voor die kerkafsluiting het Esmé (met groot gejuig) weggespring aan die oefenry. Skaars 'n week of twee voor die groot datum het sy nog besluit dat sy ook vir die "Onse Vader" kans sien.

Die harde steelwerk was dit WERD!

*

*Almal se vriend*
*is niemand se vriend nie,*
*maar tog is Vrydag*
*almal se vriend — Corrine Lemaye.*

*

# *En Di-haarstyl?*




WAT beskou jy as skoonheid? Blonde hare, blou oë en 'n bruin gebrande vel. Wel, skoonheid is ten eerste iets wat van binne-af kom. Iets wat elke mens besit, en wat deur jou uiterlike handelinge weerspieël word. Maar jou uiterlike beeld kan op verskeie maniere verbeter en uitgebou word net soos die innerlike.

Skoonheid is die glimlag wat die wêreld verower, die sonneblom van jou hart. Dit is die ver-hoor-lekkerlag, die stemme in die oë. Skoonheid is hande wat wuif, warrel, wikkel, bou en arms vol liefde. Skoonheid is woordebriewe vol daarvan — dit is die selfaanvaarding, innerlike versekering, self versorging, rustigheid en kalmte, sjarme en warmte, die onweerstaanbaarheid van 'n vrou en 'n tikkie humor.

Skoonheid is jonkwees met wysheid en oud word met waardigheid. Dit is die harmonie van die hart en die hart van 'n mooi mens is liefde, hoop en geloof. Skoonheid téken 'n mens, skoonheid fotograféér mensskoonheid is die mens, want 'n wonderlike God het hom gemaak.

Salomo beskryf in Hooglied 'n vrou as volg: "Mooi is u tog, u oë is soos duiwe deur u sluier heen, u hare is soos kudde bokke wat van die gebergtes van Gilead afgolf."

## *Matriek wees is om...*

LUI te wees, te slinger en nie te stap nie, vroeg te gaan slaap,
Nog minder huiswerk te doen as gewoonlik, gou verveeld te raak,
Jou rok/pak vir die soveelste maal aan te pas,
Baie te droom, beplan en uit te sien na volgende jaar,
Al die skoolfunksies, natuurlik ook rugby, by te woon.
Jou tas op jou heup te dra,
Jou pen uit verveeldheid te kou.
Die ure af te tel vir die skooldag om verby te gaan.
Elke week "gekraak" te wees op 'n ander ou.
Groot en volwasse te voel en ook te dink jy is.
Verlief te wees op die lewe
Alles van voor af opnuut raak te sien.
Gelukkig te wees en vry te voel.



HOE kan dit dan anders: Affies se mev. Renée v.d. Hoven het die eerste plek behaal in "Die Transvaler" se kompetisie: 'n dubbelganger, wat hare betref, is vir Lady Diana gesoek.

In 'n eksklusiewe onderhoud met "Stroom-op", het mev. v.d. Hoven vertel dat sy sonder haar medewete deur haar ma ingeskryf is. Haar man, mnr. Chris v.d. Hoven, het haar op 'n aand verras met die koerantuitgawe waarin die foto's van die vier finaliste was. Die finale bekroning het op Vrydag 14 September plaasgvind. Dit is voorafgegaan deur 'n skemeronthaal.

Elke finalis het 'n stel Jetsetkookwaterkitshaarkrullers ontvang. (Dit verklaar dan ook 'n drastiese verandering van haartstyl; bygesê: van korte duur).

Mevrou v.d. Hoven het R300 ryker geword en hoogs geamuseerd die versekering gebied dat die bekroning haar rol in die skool onveranderd laat.

## Meisieshoër se kerkafsluiting weer eens 'n belewenis!

DIE Afrikaanse Hoër Meisieskool se jaarlikse Kerkafsluiting het op 26 Oktober plaasgevind. Dit was weer soos al die vorige jare 'n reuse sukses en die hele skool voel baie trots daarop. Affies het weer bewys waartoe hulle instaat is. Ds. Oosthuizen, van Universiteitsoord, het voor die program begin het 'n pragtige boodskap gelewer. Die koor het die kroon gespan met hulle pragtige sang. Mev. Krüger het die afrigting waargeneem, en het sy haar nie goed van haar taak gekwyt nie. Die hele program was pragtig en 1984 se matrieks moes hard veg teen die trane. Matrieks, ons wens julle alle voorspoed toe vir die toekoms. Ons gaan julle mis!

*Senta v.d. Merwe*

# *ENGLISH ORATORY COMPETITION*

THE English Oratory Competition was of outstanding quality and taking into consideration it being a second language one can marvel at the excellent bilingualism of the speakers.

Luan Kloppers won the standard 6 competition and Evan Andreou the Junior competition. Gerhard Naudé claimed first prize in the Senior competition and this time experience counted as both the first and second places were taken by standard 10's.

The final result was as follows:

**St. 6**
1. Luan Kloppers
2. Stephanus Naudé
3. Villiers Terblanche

**St. 7 en 8**
1. Evan Andreou
2. Stephanus Cornelius
3. Danie Brand

**St. 9 en 10**
1. Gerhard Naudé
2. André de Wet
3. Herman Rolfes

# Asterix kom kuier vir Affies

**SATERDAG, 30 September, om 19h00 die aand, het die jaarlikse koshuisafskeid weer plaasgevind. Die st. 9's o.l.v. die twee onderhoofseuns Colin Angelo en Johan Beyers, met die bystand van mnr. Oelofsen, het hulle weer eens goed van hulle taak gekwyt.**

Die Koshuisbrakke, dit is nou die bulle in matriek, kan weer met breë glimlagte getuig dat die Koshuisafskeid in Huis Frank le Roux 'n reuse sukses was.

Die st. 9's het eers alleen byeengekom en begin planne maak. Dit het egter maar moeilik gegaan en mnr. Oelofsen is sommer gou ingeroep.

So is daar vele studietye "vergader" voordat op 'n tema besluit is. Met groot verwagting is toe besluit om Asterix en Obelix in hulle dorpie uit te beeld.

Die geldjies is bymekaar gegooi en daar is eers bereken tot watter perke daar gekoop kon word. Elkeen het begin opnoem wat hy kan bring ter versiering en alles het soos 'n legkaart begin pas. Middae is in die stad deurgebring om reëlings te tref en al die benodighede te koop. 'n Baie gepaste spyskaart is uitgewerk en selfs Kellbrick is in gedagte gehou, omdat Affies ou Obleix se aptyt baie goed ken. Soos alle lugkastele maar gebou word, is daar toe eers die laaste week voor die afskeid begin WERK.


Nette is gespan en nie 'n stukkie muur moes uitsteek nie. Die "dorpie" het stadig maar seker begin vorm aanneem en toe dit eers klaar is, kon jy skaars glo dat jy eintlik tussen vier koshuismure staan. Daar was selfs 'n fonteintjie om alles nog meer realisties te laat lyk.

Die afskeid self het eers om 19h00 die aand begin en dit het die vorm van 'n aansitete aangeneem. Soos alle afskeide maar is, moes daar eers 'n woordjie of twee gesê word en Colin Angelo het hierdie taak op sy skouers geneem.

'n Nuwe ding op die afskeid was die oorhandiging van 2 bekers: die sleepbeker en die spookbeker. Die sleepbeker is toegeken aan die grootste Don Juan in die koshuis, en hier het Gert Rautenbach loshande gewen. Die spookbeker is meer berug. Dit is toegeken aan daardie man met die langste lys oortredings. Hier sou mens moes inklim om vir Jaco Herbst te wen.

Na die ete is almal toegelaat om te gaan kyk hoeveel waarde danslesse nou eintlik het.

Ja-nee, Affies se koshuis-afskeid was 'n groot sukses en al die betrokkenes sal dit nog vir lank onthou!




# Agter elke suksesvolle Matriekafskeid — 'n getroue St. 9-groep



**Hoeveel noggi?**

**VAN vroeg af het die St. 9's gewerkskaf om geld in te samel vir die matriek-afskeid '84. Sommige Affies het skielik begin groei, veral in die breedte. Dit was ook geen wonder nie want daar was elke pouse koek-, sjokolade- warmbrakke en roomys verkopings totdat dit by almal se ore uitgeloop het. Skape is ook uitgeloot en sommige hande moes maar diep in die sakke gesteek word.**

Buitengewone verskynsels het ook hulle opwagting gemaak tydens die voorbereiding. So het daar uit die niet verbasende Michaelangelo's en Picasso's kop uitgesteek om Tarzan se oerwoud te verander in 'n asemrowende Kaapse woud. Om nie te praat van die beeldhouers wat hulle talente d.m.v. 'n slaweklok ontdek het nie. Duime is raakgekap, en vingers byna afgesaag maar as enige man daar sou instap, sou sy opinie i.v.m. 'n swak vroumens onmiddelik verander.

Eindelik het die dekor na iets begin lyk en het die aand van die 23ste September aangebreek. Die bediensters het vroeg die aand opgedaag in 'n verskeidenheid van rooi, geel, blou, wit en groen voorskote. Dit sou 'n leuen wees om te sê almal was daar om te werk want die meeste se motiewe was om te sien hoe lyk die matrieks se rokke en metgeselle. Wel, diegene wat gedink het sy was nét daar vir "birdwatching" het gou haar fout agtergekom. Tot 2 uur die volgende môre is skottelgoedgewas, stoele teruggepak en opgeruim totdat sommiges nie meer bewus was dat hulle sulke goed soos voete het nie. Dwarsdeur is 'n wonderlike en puik gees geopenbaar. Aan samewerking was daar nie 'n tekort nie, selfs nie toe hulle die volgende môre 8-uur weer moes gaan opruim nie. Almal het hul bes gedoen om vir die matrieks 'n onvergeetlike aand moontlik te maak.

Aan 'n puik standerd 9-groep met 'n puik gees —

Dankie.

### KOSHUISAFSKEID

DIT was dolgaan, rondspring "crash diets", seer sonbrand, laat nagte en iewers tussenin het 'n groot algebratoets weggekruip. Dit was weer tyd vir die Affies se koshuisafskeid! Soos die gebruik is, het die st. 9-koshuisaffies dit gereël.

Sommige het hard gewerk en ander het weer net so hard gerus, studeer en ontspan. 'n OK-karretjie is so 'n bietjie geleen vir allerhande dinge soos om o.a. van ongewenste persone ontslae te raak. Ons Affiebroers se hulp is ook ingeroep en so hier en daar het hulle fluks gehelp alhoewel sommige maar net nie uit die planthuisie en donkergat kon wegbly nie.

Vrydagoggend is daar eers vieruur gaan slaap en mev. Swart kon dit nie oor haar hart ky om Affies wakker te maak wat in haar klas in 'n salige droomwêreld verkeer het nie.

Saterdagaand het eindelik aangebreek. Hier en daar het een besef dat 'n skoonheidslapie noodsaaklik was anders het hulle van aspoestertjie tot die mooiste prinses verander! In spanning was daar gewag: "Sê nou hy kom nie, of sy kar breek of. . . of." O, daar was so baie of's dat toe hy eindelik opdaag sy die ene bewerasie was. Stadig het sy na hom aangesweef en toe skielik kon sy nie onthou nie, kom sy angelier op. . . of af!

'n Vinnige raaiskoot is gewaag. O, tot haar tragedie skande op skande en bloos, bloser, blooste — dit was verkeerd om!

Van toe af het die horlosie skielik gehardloop. Voor sy haar kon kry was dit verby, moes sy hom by sy kar afsien! 'n Aand van lag, dans, dans en nogmaals dans van wandelinge en so baie ander lekker dinge was verby en toe sy moes afbreek, nog half verdwaas dat dit al verby was het sy besef: "Ek is VERLIEF!!!"

# Prysuitdeling: PUIK PRESTASIES GELEWER

**TYDENS die oggendfunksie is sertifikate en toekennings vir sportprestasies oorhandig. Twee matrikulante is ook vir hul 12 jaar getroue skoolbesoek beloon. (Tjaardt Barnard en Patrick Furter). Noord-Transvaal kleurwenners het spesiale sertifikate vir hulle prestasies ontvang, só ook Martellus Britz wat as Junior Springbok in karate aangewys is.**

Die aandfunksie is gekenmerk deur toekennings vir buitengewone prestasies. Sewe matrikulante het vir die vyfde agtereenvolgende jaar akademiese erekleure ontvang: Streicher Botha, Anton Cilliers, Alex de Mûelenaere, Bernard du Plessis, Reinier Krogscheepers, Rudolf Kruger en Cornelis Schaap. Hulle het van st. 6 af deurgaans 'n gemiddelde persentasie van bo 80% gehandhaaf. Vyf van die leerlinge het ook elke twee goue medaljes vir hul getroue, lojale en volgehoue diens aan die skool op verskeie terreine verwerf.

### Toekennings

Die Perskorboektoekennings is aan Michiel Freïslich (Akademies), Abraham Manser (Leierskap) en S.W. Esterhuizen (Buitemuurs) toegeken. Verskeie ander boekpryse is ook aan die leerlinge toegeken — onder andere aan dié leerling wat in elke standerd die hoogste gemiddelde persentasie behaal het, nl.



**Verwerwers van akademiese kleure vir die 5de agtereenvolgende jaar:**
*Voor: R. Krogscheepers, R. Kruger, A. de Müelenaere, C. Schaap, A. Cilliers. Agter: S. Botha, B. du Plessis.*

Stephanus Naudé (st. 6), Albertus Bekker (st. 7), Philip Page (st. 8), Awie Marais (st. 9) en Michiel Freislich (st. 10).

### Erekleure

Erekleure is toegeken aan leerlinge wat Noord-Transvaalkleure verwerf het in: atletiek, gholf, gimnastiek, landloop, rugby, sagtebal, skyfskiet, swem, tennis, tweekamp en waterpolo. Die lede van die Administrateursbekerspanne in tennis en rugby het ook erekleure ontvang. Danny de Beer wat 'n eerste plek op die landwye Expo '84 kompetisie behaal het vir sy oorspronklikheid en inisiatief, is ook deur die skool met erekleure vereer. Só is die sewe leerlinge wat lede van die Noord-Transvaalse Jeugorkes of die Jeugkoor is, ook met erekleure beloon.


### Trofeë

Verskeie trofeë is ook aan uitblinkers op akademiese, kulturele en sportgebied oorhandig. Marius Masencamp, Junior Tennisspringbok is aangewys as die Sportman van die jaar terwyl Pieter Kemp die Terblanchetrofee verower het as die beste handhawer van Afrikaans in st. 10. Die gesogte Alsydigheidstrofee is aan Abraham Manser die hoofseun van 1984 oorhandig op grond van uitstaande en getroue diens, uitstekende leierskap, akademiese prestasies en alsydigheid op buitemuurse gebied. Hy verwerf ook die Albie Batestrofee as die krieketspeler van die jaar. Dit is maar enkele van die belangrike pryse wat aan die leerlinge toegeken is.

Die oud-leerlinge van die Afrikaanse Hoër Seunskool se belangstelling blyk uit die AHS-Oudleerlingbond se Ambassadeurstoekenning aan Marius Masencamp wat op tennisgebied 'n ware ambassadeur vir die skool was. Die Kritzinger-Revlon Beurs is aan Nico van Rensburg toegeken om my studies in die Geneeskunde te begin. Hierdie beurs is deur dr. J.J. Kritzinger, 'n oud-Affie, verower maar hy het besluit om die geld te belê om 'n leerling van sy oud-Alma Mater die geleentheid te bied om verder te studeer deur die rente van die belegging jaarliks aan die skool te skenk.

Die hoogtepunt van die aand was die bekendmaking van dié leerlinge wat hul onderskei het deur volle skoolerekleure te verwerf. Baie hoë vereistes word vir dié gesogte toekenning gestel en slegs ses matrikulante kon in aanmerking kom vir die eervolle toekenning. Hulle is die hoofseun, Abraham Manser, twee onderhoofseuns, Streicher Botha en S.W. Esterhuizen. Die ander leerlinge wat hul op sport, kulturele en akademiese gebied onderskei het, was Bernard du Plessis, Pieter Kemp en Henry Kellbrick.

Hulle wat gewerk en gedien het is voorwaar goed beloon en vereer.




**N. van Rensburg** *ontvang die Kritzinger-Revlon beurs.*



**Volle skool erekleure verwerwers:**
*Voor: S.W. Esterhuizen, A. Manser, S. Botha.*
*Middel: B. du Plessis, H. Kellbrick. Agter: P. Kemp.*

## 'n Kruiwavrag vol boekpryse!




'N KRUIWA was nodig om al Maria Botha in standerd ses se boekpryse weg te ry huis toe. Sy het met die pas afgelope prysuitdelingsfunksie die onderskeiding behaal om in al nege eksamenvakke die prys vir die beste prestasie te verwerf. Dit is ook nie sommer sulke hierjy-punte nie! Sy het byvoorbeeld 100% vir Wiskunde en Geskiedenis en 99% vir Latyn behaal.


*Esthea v. Schalkwyk*

# Affievaria • Affievaria • Affievaria

















Meisies terug in A-Bond

# MENINGSPEILING:

**AL die Affies is daarvan bewus dat die Meisieskool weer volgende jaar saam met die seuns op Interhoër in die A-Bond sal deelneem. Hierdie besluit het wye reaksie uitgelok aan beide die kant van die seuns en meisies. Hier volg slegs enkele menings van leerlinge:**



*Jaco Beukes — "net opbouend"*

Die feit dat die meisies volgende jaar saam met ons op Interhoër gaan deelneem, kan net opbouend wees vir albei skole. Eerstens sal die gees en die verhouding tussen die twee uitstaande skole net verbeter en versterk, sodat ons as 'n eenheid kan optree. Verder sal die wedersydse prestasies as aansporing dien tot hoër prestasies en mettertyd daartoe lei dat die Afrikaanse Hoër Seuns-en Meisieskool as 'n top "skool" uitblink. Bogenoemde geld nie slegs op sportgebied nie, maar dan ook op kulturele- en ander gebiede.

*Jaco Beukes (9G)*

Ek is bly dat ons weer terug in die A-bond is want dit sal ongelooflik baie aan ons gees doen, as ons weer saam met die seuns is! Ek dink egter ons sal iets daadwerkliks aan ons atletiek moet doen, want dit is nie in die minste regverdig teenoor die seuns as ons by hulle afsteek nie, en hulle status sodoende verlaag nie.

*Derize Boshoff (9A)*

Alhoewel die meisieskool hierdie jaar nie so goed presteer het met die atletiek nie, kan dit dalk as aansporing dien om volgende jaar beter te presteer. Dit sal volgens my ook goed wees vir die gees van die twee skole.

*Johan Beyers (9G)*



*Johan Beyers — "Kan as aansporing dien."*

*

**Gees**

Ons wen weer die geesbeker! Maar hulle gaan iets aan hulle atletiek moet doen!

*Albert Myburgh (7B)*

*

Dit is fantasties, dit dien as motivering vir ons!!

*Karien Steyn (9B)*

*

Puik vir die gees!!

*Melissa Cronjé (9B)*

*

**Standaard**

Op die lang duur kan dit tot gevolg hê dat die band tussen die twee skole verstewig. Die meisieskool het egter 'n plig om hul atletiek op standaard te kry, want alleen deur harde werk kan jy in die A-bond sukses behaal.

*Stephan de Beer (9G)*

*

Ek dink dit is 'n goeie idee, want dit sal die gees tussen die twee skole verbeter. Die meisies sal net hulle standaard moet verhoog!

*Con Purchase (8A)*

*

Kom oefen asseblief!

*(Hanlie Classèn (7)*

*

Die gees gaan gebou word, maar hul sal nié kan opweeg teen die ander nie.

*Cobus Louw (6F)*

*

**Gevolgtrekking**

Nie almal het dieselfde mening oor die saak nie. Oor die algemeen blyk dit dat die leerlinge egter positief is oor die besluit. Die band tussen dié twee skole word hierdeur verstewig en die gees word steeds verbeter. Die meisies het egter 'n plig om hulle atletiekstandaard te verhoog en die seuns om geduld te beoefen. Alleen deur harde werk kom sukses!

# NOORDHULP – SKILDWENNERS



*Wenners van die Senior Noodhulpskild: Annelie Billman, Juanita du Venage, Christa Visser en Corné Schulenburg.*

**OP Maandag, 22 Oktober, is 8 Affies (van Meisies Hoër) Seuns Hoër toe, om hulle noodhulpklas by te woon. Daar aangekom het 'n ernstige skok hulle sisteme getref. dit was die jaarlikse noodhulpligakompetisie. Hordes kinders van verskeie skole het die omgewing soos 'n miernes laat lyk. Eers wou die Affies onttrek, maar hiervan wou Oscar Hartung, die voorsitter niks weet nie.**

Eers is daar 'n teoreties eksamen afgelê waarin Affies se seniormeisiespan 74% behaal het, slegs 1 punt minder as die wenspan. Daarna is hulle na die saal geneem waar beoordeelaars vanoor die hele Transvaal bygestaan het terwyl die praktiese deel voltooi is. Hier het Affies se seniormeisiespan pragtig uitgeblink met 'n spanpoging deur Christa Visser (kapteine), Corné Schulenburg, Juanita du Venage en Anneli Billman. Seuns Hoër se spanne het ook goed vertoon, en het 'n 9de en 5de plek behaal. Affies se Juniormeisiespan het in die 8ste plek geëindig.

Die meisies se Seniorspan het met die louere weggestap en 'n pragtige skild verower. Die standaard wat gestel is, was besonder hoog, het die hoof beoordelaar gesê. Hy was ook verder verras oor die belangstelling wat die noodhulp geniet, alhoewel dit 'n taamlike nuwe instelling in ons skool is. Hulle sal volgende jaar beslis meer voorbereid wees, en ons hoop om aanstaande jaar die skild weer eens huis toe te bring. Kom aan Affies! Sluit aan by die noodhulp en beteken op die manier iets vir julle skool en medemens!



*Heksie is al weer Stroom-op!*

# Expo '84

'n GROOT groep Affies het op 1 September aan Expo '84-uitdunne by die Pretoriase Technikon deelgeneem. Al die projekte is Vrydag opgestel, maar Saterdag was eintlik die dag van groot spanning en afwagting. Almal het naels gekou en gehoop dat hulle projekte sal werk, die krag nie skielik sal afgaan nie, hulle skyfiereeks nie sal vashaak nie, of dat die beoordeelaars nie skielik in mensvreters sal verander nie! Gelukkig was die meeste van hierdie vrese ongegrond en het byna almal deurgedring na die finale rondte, wat op 13 Oktober in die Rautenbachsaal plaasgevind het.

Daar het die Affies hulle ook laat geld en die volgende pryse verower.: Goue medalje — Maryna van der Vyver. Silwer medaljes — Laurentia Dekker, Suntha Kruger, Nandi Visser, Sonja Cloete en Christa Visser. Brons medaljes — Leonie van der Walt en Desiree Tesner. Expo '84 was 'n grootse ondervinding vir almal wat deelgeneem het en Affies het weer eens aan almal gewys hoe 'n ding gedoen moet word!

## Interhoër- Seuns en Meisies neem saam deel!

UIT 'n meningsopname wat gemaak is onder die Meisieskool se senior leerlinge, i.v.m. 1985 se Interhoër saam met die seunskool, blyk die volgende: 91,5% van die meisies is ten gunste daarvan en 8,5%, daarteen.

Die 8,5% van die meisies se mening is hoofsaaklik dat die Meisieskool die seuns se punte gaan benadeel. Daar word selfs beweer dat die seuns glad nie beïndruk is nie en dat ons hulle harde oefening en taktiek in die wiele gaan ry.

Die oorweldigende 91,5% glo dat dit groot pret gaan verskaf, terwyl daar ernstig in ag geneem word dat die seuns se sang 'n titseltjie opknapping nodig het! Een het selfs gesê: "Rustig, sommer Fris, man", en "rustig" is eintlik in die kol, want die meisies het tot onlangs nog geen besondere atletiekprestasies gelewer nie, maar "ons werk daaraan" en nie net van gister af nie!



*Marna Aucamp — "ligvoetse ballerina."*

## *DIE KAT KOM WEER!*

EENMAAL 'n Affie, altyd 'n Affie. Dit het 'n oud-leerling, Michelle Steynberg, bewys toe sy die kerkafsluiting gekeppie en geknoop bygewoon het. Hoe sy dit reggekry het kon Stroom-op nie uitvind nie, maar dat sy 'n heroïese poging aangewend het, is seker.

Die St. 8's wat besonder trots op hul maat wat nog so 'n Affie-gees openbaar.

*Vriendskap:*
*Vriendskap verdubbel ons vreugde en verdeel ons smart — Cicero.*

# Drilkompetisie

**Oefening**

DIE drilkompetisie is hierdie jaar met baie entoesiasme en groot erns benader. Met mnr. van Rooyen en mnr. Myburgh aan die hoof is daar tydens kadetperiodes behoorlik voete gestamp en gesweet om die "passies" in die manne se koppe en "Voete" te kry. Hoe nader die kompetisie gekom het, hoe harder het die pelleton geoefen, daar is selfs die week voor die kompetisie saans geoefen om die bewegings en wendings af te rond.

**Die groot dag**

Die kompetisie is op Saterdag, 18 Augustus, by die Hoërskool Silverton gehou. Al die Hoërskole in Pretoria is daar verteenwoordig. Vroeg die oggend, net na son-op, is die verrigtinge begin met "inspeksie". Elke pelleton is deur 'n skeptiese luitenant en 'n majoor geïnspekteer. Daarna het die drillery begin. Ons pelleton was heel eerste aan die beurt en hulle het dan ook hulle baie goed van hulle taak gekwyt. Ons behaal toe ook dan die derde posisie met Silverton eerste.

# Kom oefen!

WAAAT....! oefen jy tog nie atletiek nie! Dit is die afkeurende opmerking wat baie van die atlete hoor, wanneer hulle kinders probeer aan moedig om te oefen. Die stertjie wat partykeer nog by kom is: "ek is nie gek nie!"

"Gek" Dit sal jy verseker nie wees, wanneer jy atletiek kom oefen nie. Nee, wie weet, dalk word jy, wat "gek" sal wees, nog sportvrou van die termyn of heldin op Pilditch

Dit is ook nou weer eksamentyd en jou brein reik na iets meer. Iets meer as Aardrykskunde of Geskiedenis, 'n bietjie Wiskunde hier, en daar kyk jy teen 'n titsertjie Biologie vas. Dit is (jou brein) wat vir jou werk, gee hom ook sy blaaskans, kom oefen!

Wanneer jy oefeninge doen, ontspan jou brein en dan neem hy ook suurstof op. Wanneer jy klaar geoefen het leer jy ook lekker en voel jy trots op jouself as jy dink wat jy agter die blad het.

## "Problemerige" kind word mees belowende

TEEN Marna Aucamp se derde verjaardag, kon haar ouers nie langer huishou met hulle "problemerige" hiperaktiewe kind nie. Hulle het besluit om haar oortollige energie in dansklasse te kanaliseer.

Só het dit gekom dat Marna op die ouderdom van 3, met klassieke en moderne ballet en akrobatiese danse begin het. Haar eerste eksamens is reeds voorskool afgelê. Vanaf haar vierde jaar het sy by kunswedstryde begin wegstap met pakke sertifikate en medaljes.

By Pretoria se musiekfees 1984 is die kroon op 'n jaar se harde werk geplaas: Buiten 3 silwer en 7 goue sertifikate, 5 medaljes en 'n trofee het Marna ook 'n beurs en wisseltrofee vir die mees belowende danseres bo 13 jaar ontvang.

Marna het egter op die oomblik geen dansplanne vir die toekoms nie. Binne 2, 3 jaar voltooi sy al haar eksamens, waarna sy haar in die aptekerswese wil bekwaam.

## *Junior Stadsraad bring blomme*

OP Sondagmiddag, 16 September, het Affies se st. 8-verteenwoordiger en- plaasvervanger op die Junior Stadsraad, by die orthopediese afdeling van die H.F. Verwoerd-hospitaal opgedaag.

'n Groep van om en by 30 verteenwoordigers moes elkeen vier ruikers of bosse blomme bring. Die Junior Burgemeesteres, Helene Scholtz was ook teenwoordig. Die doel van hierdie besoek was die oordra van beterskapswense en die boodskap van lente aan die pasiënte en personeel.

Die kinders en ouer pasiënte was duidelik ingenome. Onder sommige van die verteenwoordigers het egter die vermoede ontstaan dat die gemoedstoestand van jong pasiënte juis kon verswak by die aanskoue van 'n groep ander jongmense wat met gesondheid bevoorreg is.

Die matrone, 'n moeder van een van die verteenwoordigers, het later berig dat die gebaar wel vir al die pasiënte van groot betekenis was.

*Hanneke v.d. Westhuizen*


*Chris*
**SLAGHUIS/BUTCHERY**
H.v. Generaal Louis Botha
(Ou Militereweg) en
Douglas Scholtz
Constantiapark
**Tel. 98-4991**

*'n St. 8 Vertel. . .*

# ONS IS MANNE GEMAAK!

**DONDERDAGOGGEND 23 Augustus om 10 vm vertrek die st. 8-groep van 1984 na die Amsterdam-veldskool waar hulle vir die volgende 7 dae getoets, uitgehonger en gesif gaan word. Ja, die "kaf" gaan van die "manne" geskei word.**

**Die ses onderwysers wat die "uitstappie" meemaak, is menere Myburgh, Oelofsen, Kruger, Panaino, Grobler en Badenhorst.**

Drie uur dieselfde middag land ons aan. Jou voete raak nog nie eens die grond nie dan hardloop jy al hek toe en terug. Sommer gou word ons rugsakke en waterbottels uitgedeel en ons is reg vir die pad. In 'n lang reguit bondel is ons na kamp A. Op pad het 'n paar manne se dors gepla en as gevolg hiervan moes 'n paar hoogs ontevrede ander manne droë-mond gaan slaap. Daar is weinig geslaap die eerste nag, met die gevolg dat daar die volgende dag al reeds 'n paar slaapwandelaars en ongevalle was.

Opstaan in die oggend is gekenmerk deur bewuswording en L.O. Daarna het lesings of praktiese aktiwiteite gevolg. Die lesings was baie insiggewend, veral dié oor kommunisme. Na 'n pittige praatjie deur oom Paul Pitty oor popmusiek (nee, nie die gewone veldskoollesing nie — oom Paul besit 'n 5 000 sterk versameling plate), gaan slaap ons opgewonde, want die volgende dag is die dag wat ons, volgens hom, nie gaan vergeet nie.

**Army-style**

Dit was ook so! Ons sal die hindernis- en avontuurbane nooit vergeet nie! Jammerlik moes 'n paar manne in die siekekamers agterbly. (Dit was eers masels, toe Duitse Masels en toe. . . Later het hulle maar die skool gebel en gevra!) Dit was 'n dag van verskillende emosies. Vir die een Affie 'n triomf, vir die ander. . . sy Waterloo. Ons het mekaar en ons eie vermoëns leer ken en weer eens gesien — van ver af lyk 'n groot ou klein en van naby is klein mannetjies groot.

**Tjankbult**

Die oubekende lanternbekruip was reeds agter die rug en Woensdag het die lang stap begin. Ons was op en oor, onderdeur, bo-oor, later sommer dwarsdeur berge en bome. Tjankbult is vir die tweede keer deur 'n groep Affies verower! Die gemoedere loop hoog! Dit klink asof die "manne" doodgaan.

Die meeste van ons is daar deur — natuurlik 'n paar dinge op pad agtergelaat — maar ons het weer by die kamp aangekom. Net die onnies het op pad terug baie energiek gelyk en honderd-en-sewentig Affies kon sien hoedat die "kind" in ons onderwysers te voorskyn kom.

Alle goeie en slegte dinge kom ook tot 'n einde. Vrydagoggend vroeg maak ons huis skoon en is ons daar weg. Die manne se gunsteling liedjie word nou: "I want to go home."

Om mee af te sluit. Affies, ons is reg! Die st. 8's van 1984 maak hulle gereed vir 1986. Julle sal weer van ons hoor, want ons is Affies. Affies geskool op Amsterdam!

● *Namens die st. 8-groep bedank ons graag die onderwysers vir hul toewyding en opoffering om die veldskool mee te maak. — Red.*



*Roelien Boot*
*Onbekende Affie '84*

## Hulle noem ons: SPEKNEKKE

SINONIEM met standerd 8 is natuurlik veldskool. Dae voor die groot vertrekdag is daar beplan en gekoop. Die 20e Augustus was al wat 'n standerd 8 is voor die skool met haar bagasie — ietwat huiwerend, maar tog baie opgewonde, want enige iets is beter as skool.

Na 'n gesellige rit het ons uiteindelik in Pelgrimsrus aangekom. "Julle is te stadig," het ons gehoor terwyl die tasse afgepak is. Reëls is vinnig aan ons voorgehou en ons moes vinnig ons eie groep vorm. Ons het aangetree en hulle het ons "Speknekke" genoem!

So het 'n vol en aktiewe week begin. Van die eerste nag op die grond met 'n springende koei (iemand het met 'n skoon gesig wakker geword en 'n ander met 'n blou oog!) tot die literiabaan en kriteria vir kritiek. Ons het gestap en nogmaals gestap, stroompies ontleed, 'n lantern bekruip, die hindernisbaan gedoen en kon met 'n oorwinnaarsgevoel die wonderlike natuur van Black Hill af beskou. Ses onderwyseresse was altyd getrou by om te sien of ons kon volhou.

Ons kon! Ons het besef dat ons sonder ons sagte bed, die televisie én ou kan klaarkom. Verryk en lus vir die beskawing het ons die 28ste teruggekeer.

*Carla Pretorius.*



*So ly die sussies!*
*St. 8 Veldskool — Pelgrimsrus.*

## JUNIORS HOU DEBAT

VRYDAGAAND 21 September het 'n groot groep entoesiastiese en baie senuweeagtige standerd sesse en sewes agter die saal gereed gemaak vir hulle items om aan die jaarlikse St. 6 en 7-debat deel te neem.

Niemand het geweet wat om te verwag nie, en almal was aangenaam verras deur die oorspronklikheid en keurigheid waardeur die items gekenmerk was. Die regie is self deur die leerlinge waargeneem en baie nuwe talent is ontdek.

# Prysuitdeling — A.H.M. 1984

TYDENS 'n aangename funksie op 18 Oktober waar tydens mej. Holtzhausen op haar stukke was met die sêgoed, is die pryswenners van die afgelope jaar bekroon.

Mooi en goeie werk is beloon en word soos altyd hoog aangeslaan. Akademiese en Kultuur uitblinkers het selfs meer as een prys ontvang. Maria Botha was die ster van die aand met 9 boekpryse!

Die belangrike aankondiging is ook gemaak dat Roelien Boot die toekenning van "Onbekende Affie" ontvang.

Die verrigtinge is afgesluit deur 'n gesellige koppie tee en geselsies.

### *Te kies en te keur!*

DIE huisvlyt-Affies het weer eens vir 'n skitterende uitstalling in die biblioteek gesorg. Al die tentoongestelde items het van baie goeie smaak getuig, en was baie kundig aan die publiek vertoon.

Die St. 9's het die hele kwartaal aan die oulikse piekniekmandjies gewerk. Eers het elkeen sy eie voering vir die spesifieke grootte van sy mandjie gesny, en daarna is 'n aartappelsakkie, messegoedsakkie, 2 kussinkies, 'n tafeldoek en 2 servette gemaak.

Onder Mev. Rhoodie se bekwame leiding het die St. 8's pakkies gemaak wat gewissel het van die warmste winterpakkies tot somerspakkies. Een van die vereistes was egter dat die pakkie moue moes hê. Hulle was ook die eerste groep St. 8's wat met die deftige "Overlock"-masjiene kon werk. Dit laat 'n mens dink né?

Die St. 7's het die dierbaarste lappoppe denkbaar gemaak! Elke een het sy eie persoonlikheid en karakter. Hulle kon hulle eie variasies op die poppatroon gebruik en het hulle deeglik van hulle taak gekwyt.

Mev. van der Haen het die St.6e bygestaan in hulle maak van 'n kussingsloop waarop 'n Voortrekkerpoppie ge-applikeer is. Eers is die poppie se patroondele aanmekaar gesig-sag en daarna is dit op die kussingsloop vasgestik. Hulle kon egter nie die "Overlockers" gebruik nie — die handmasjiene moes maar instaan.....

Daar word uitgesien na volgende jaar se uitstalling!

## JUNIOR STADSRAAD LAAT SY STEM HOOR

NA nog 'n jaar wat verby is, kan die Junior Stadsraad tevrede wees met wat hul bereik het.

Die Jeugkomitee het na 'n lang gesukkel die Junior Stadsraad se nuusblaadjie "kontak" uitgegee, wat met sukses, oral ontvang is. Verder is modeparades, 'n pretloop, 'n piekniek en opstelkompetisies ook aangebied. Op die oomblik het die onderburgemeester 'n Kersprojek aan die gang wat tot dusver ook baie goed verloop.

Daar word nou reeds uitgesien na hierdie op-en-wakker klomp jongmense se werksaamhede van 1985.



*Derize Boshoff*
*Hoofprefek en N.-Tvl. gimnas*

# Mediasentrum

**VYF jaar gelede is deur die onderwysdepartement besluit dat die bestaande skoolbiblioteek in 'n mediasentrum geherorganiseer gaan word.**

Kyk ons terug oor hierdie afgelope vyf jaar dan besef ons dat die personeel en leerlinge van die Afrikaanse Hoër Seunskool die uitdaging aanvaar het, en kan ons met trots in 1984 sê dat die mediasentrum mediadienste vir onderrig, leer, studie en navorsing bied.

Deur die gebruik van 'n groot verskeidenheid media het die onderwysers nuwe onderrigmoontlikhede ontdek en saam help bou aan 'n doeltreffende vakvoorraad vir ons skool.

Die mediasentrum bied geleentheid aan leerlinge om selfstandig te studeer en sorg dat die leerlinge toegerus is om 'n verskeidenheid media met genot en selfvertroue te gebruik.

Deur tred te hou met die snelle tegnologies ontwikkeling poog die mediasentrum van die Afrikaanse Hoër Seunskool dan ook om tred te hou met die leefwêreld van die moderne skolier.

*E. van der Merwe*
*Mediasentrumonderwyseres*

● *Namens die lees- en weetgierige Affies, wil Stroom-op mev. van der Merwe bedank vir haar toegewydheid en entoesiasme om ons Affies se "kennissentrum" op só 'n hoë standaard te hou. Haar onbaatsugtige diens word baie hoog op prys gestel.*

# *Meisieskool Hoofprefek 1985*

DERIZE BOSHOFF is op 29 Februarie 1968 gebore.

Sy was hoofmeisie van Laerskool Pretoria-Oos in 1980.

In St. 9 is sy reeds as prefek verkies en dit was geen onverwagse aankondiging, dat Derize die hoofprefek van 1985 sal wees nie. Derize neem deel aan netbal en gimnastiek. Sy presteer akademies ook besonder goed en beskik dus oor die eienskappe om 'n hoofprefek van die A.H.M.P. te wees.

Ons wens haar geluk en sterkte toe.

# Kadetorkes

**DIE kadetorkes het vanjaar weer eens die Affie-tradisie met ywer uitgebou.**

Die orkes het deur die jaar hulle uitstekend van hul taak gekwyt — by publieke optredes sowel as kompetisies. By baie geleenthede het hulle luister aan die verrigtinge verleen soos by die Jool, die Trompoppiekompetisie en Anton van Wouw se kermis.

Ook is daar aan die jaarlikse orkeskompetisie deelgeneem. Voor die kompetisie het hulle meer intensief begin oefen om sodoende 'n perfekte optrede te kan lewer. Die kompetisie is by Silverton Hoërskool gehou en alhoewel Affies uitmuntend presteer het, het Silverton as wenners uit die stryd getree. Affies was egter kort op hulle hakke. Paul Maré het ook in sy afdeling, as tamboermajoor eerste gekom.

Ongetwyfeld een van die skouspelagtigste optredes vanjaar, was die stafoorhandiging en vlagstryking op 22 Oktober. Francois du Toit is aangewys as volgende jaar se tamboermajoor en Alex Barnard as onder-tamboermajoor.

Die kadetorkes se voorspoed is ongetwyfeld aan meneer Booysen se leiding en onderskraging te danke. Meneer Booysen is die dryfkrag wat die kadetorkes in die verlede tot sulke groot hoogtes aangespoor het en vanjaar was geen uitsondering nie.

Die kadetorkes kan oor 1984 terugkyk as 'n besondere jaar. Daar is 'n rotsvaste fondament gelê om op voort te bou.

*Ons A.T.K.V.-toneelwenners:*
*Freda Borchardt,*
*Anina Simons,*
*Marietjie du Plessis,*
*Derize Boshoff.*



BLADMUSIK
**Bladmusik Distributors (Pty) Ltd.**
P.O. Box 28493, Sunnyside, Pretoria
0132, Republic of South Africa.

# Administrateursbeker — Atletiek

**OP 26 en 27 Oktober het 12 van Affies se top atlete op Naboomspruit probeer om die 3de Administrateursbeker vir hierdie jaar huistoe te bring. Dit was nl. die nuut ingestelde Administrateursbeker vir atletiek, wat met harde werk van al die Affies sy staanplek in die toekoms in mnr. Roesch se kantoor sal kry.**

Omdat al die bekers en medaljes nog nie gereed was nie, was hierdie byeenkoms wat op die 26 en 27 Oktober te Naboomspruit aangebied is, as't ware die voorloper van 'n administrateursbekerkompetisie wat van volgende jaar af 'n instelling gaan word.

Twaalf van ons atlete het Affies vanjaar verteenwoordig. Die byeenkoms het in twee skofte plaasgevind, naamlik Vrydagaand en Saterdagoggend. Dit het die atlete wat in twee items deelgeneem het, kans gegee om Vrydagnag vir hul tweede item uit te rus.

Op die byeenkoms is prestasies van uitstaande gehalte gelewer, veral as in ag geneem word dat dit nog so vroeg in die seisoen is. By die seuns was dit veral Standerton, Menlopark en Affies wat mekaar opgedreun het.

Die punte is uitgewerk deur die 12 beste prestasies van 'n skool se atlete volgens die Sasoltabel te neem en dit dan deur 12 te deel om die gemiddeld te kry. Die eerste plek is ingeneem deur Standerton met 'n gemiddeld van 950, gevolg deur Menlopark met 920 en Affies het die derde plek met 915 ingeneem. Derde plek uit twintig skole is voorwaar nie 'n slegte prestasie nie.

Affies se atlete wie se punte in ag geneem is, is:

| | | |
|---|---|---|
| S. Cornelius | | gewigstoot |
| O/14 | 14,41m | 1005 punte |
| P. Mostert | | gewigstoot |
| O/13 | 11,59m | 1000 punte |
| C. van As | | paalspring |
| O/13 | 3,60m | 985 punte |
| N. Duvenhage | | hoogspring |
| O/13 | 1,55m | 925 punte |
| | | 200m |
| O/13 | 25,6s | 925 punte |
| P. Bothma | | hoogspring |
| O/16 | 1,90m | 920 punte |
| H. Bosman | | hoogspring |
| O/14 | 1,65m | 910 punte |
| Q. Blake | | 400m |
| O/15 | 51,6s | 900 punte |
| | | 800m |
| O/15 | 2:02s | 875 punte |
| C. Neethling | | 400m |
| O/16 | 51,0s | 865 punte |
| | | 800m |
| O/16 | 1:59,7s | 825 punte |
| A. van der Walt | | 200m |
| O/14 | 25,1s | 840 punte |

**Trap in jul spore Parkies — die Affies kom.**

## Die Affie-hardloopgees is op hol


AFFIES se atletiek het uiteindelik ontdooi! Reeds in April het die oefeninge begin, met die "landloop-Affies" wat daagliks strawwe oefensessies bygewoon het. Deur die vakansie het almal vasgebyt en — wonderlik om te sê — dit oorleef. Met mev. Raath se begeestering het die groep geesdriftige atlete se getalle gegroei, en ongekende talente het hul verskyning gemaak.

Onder die bekwame leiding van mev. Raath het ons aan kompetisies en pretdrawwe deelgeneem en baie goed presteer. Koue, reënerige dae en uitmergelende, drukkend warm dae is met ywer getrotseer. Deurentyd het ons 'n puik spangees gebou wat so tipies Affies is. Nadat die oefeninge geleidelik intensiewer geword het, het ons besef dat spangees broodnodig is, want die gees is gewillig, maar die vlees???

## EERSTE BYEENKOMS

OP Saterdag, 20 Oktober, is die eerste byeenkoms van die nuwe seisoen op A.H.S. se baan gehou. Die besoekende skole was Witbank Tegnies, Brakpan Tegnies asook Monument en die Afrikaanse Hoër Meisieskool. Alhoewel geen rekords deur die atlete verbeter is nie, is daar nogtans uitstekende prestasies gelewer. As mens in ag neem dat dit nog vroeg in die seisoen is.

*Die meisies oefen hard. . .!*



## Affie-landloop

IN die 3e termyn het die 1984 landloopseisoen na 'n klimaks begin beweeg. Verskeie kampioenskappe het plaasgevind en die Pretoriase Skolelandloopliga is op Woensdae afgehandel. Die belangstelling tydens die byeenkomste was groot en die kompetisie was baie straf. Die seniorspan het baie goed gevaar en was 'n goeie opvolger vir die wenspan van die Hoërskool Gerrit Maritz.

Tydens die Noord Transvaalse Hoërskolekampioenskappe het ons atlete met min ervaring hul goed van hul taak gekwyt. Die bo/15-span het derde geëindig en die onder/15- span was vierde.

Goeie individuele pretasies is ook gelewer. Tobie Adelaar was derde tydens die Noord-Transvaalse Landloopkampioenskappe in die onder-17-afdeling. In dieselfde ouderdomsgroep het Stéphan de Beer 'n derde plek behaal tydens die Transvaalse Kampioenskappe. Tobie Adelaar, Stéphan de Beer en Quintin Blake is ook gekies om Noord-Transvaal op die Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskappe in George te verteenwoordig.

*Hoekom is J.R.*
*'n rol aangebied*
*in die film*
*"Grease"?*
*Hulle was opsoek na*
*'n olierige ou.*

# *Tennis seëvier weer*


OP Vrydag, 21 September, het die eerstespan van Afrikaans Hoër Meisies deelgeneem teen die Hoërskool Middelburg om 'n plek in die finaal op Loftus. Die wedstryd is op Middelburg afgehandel en het vir groot opwinding gesorg!

Die dag het vroeg begin toe die "Pretoria News" hulle om agt uur die oggend kom afneem het. Vandaar is hulle na die bane om bietjie te gaan opwarm en toe in die blou kombi na Middelburg. Juffrou Swart het die gevoel van "dis-lekker-om-Affie-te-wees" laat opvlam toe sy, soos 'n ware dame, Middelburg Hoër se gronde betree het, op soek na die opponente. Hulle het egter reeds, by die stadion, waar die geveg beslis sou word, gewag. Daar is ook nie verder tydgemors nie!

Na verkoop van die enkelwedstryde het die spanning hoog geloop deurdat Sonja du Toit en Gené Visagie hul wedstryde gewen en Jumé Viljoen en Nicoline Heathcote net-net hulle s'n verloor het! Die telling was dus nou twee westryde elk! Die spanning het verder opgelaai, nadat die dubbels gespeel is en die telling op vier wedstryde elk te staan gekom het!

Watter teleurstellende paar oomblikke vir die Affies toe die spelle getel is en hulle met 'n skrale tien spelle verloor het! Affies was egter nog altyd bekend vir die vermoë om te kan leer uit hulle mislukkings en het daar, met die gelukwensinge aan die ander span, die besef gekom dat daar nog baie sweet en werk voorlê, voordat die beker weer hulle s'n sal wees!

# TAFELTENNIS



*Die Tafeltenniskampioene*

NOG 'n sportsoort word by die vele ander in Affies gevoeg — tafeltennis.

Na vele uitdunne slaag mnr. Malan daarin om 3 parate spanne saam te stel. Affies se eerste wedstryd teen Hillview, wen hy verspot maklik met tellings soos (21-6) eerstespan, (24-1) tweede span en (24-2) derde span. Een-vir-een palm Affies die punte in, wedstryd na wedstryd verneder hy sy teenstanders totdat hy, helaas die top bereik.


Die tweede en derde spanne wen onderskeidelik hul ligas met die eerste span tweede. Die algehele spankompetisie skryf Affies ook agter sy naam. Dan was daar ook die uitblinkers — Con Purchase haal die semi-finaal in die O/16 en in ope afdeling van die Noord-Transvaal kampioenskappe. J.J. Terblanche wen die O/13 afdeling en verwerf Noord-Transvaal kleure.

Onder die bekwame hand van mnr. A. Malan het al die oefening en uitdunning vrugte afgewerp.

"Laat daar tafeltennis wees."

*Tafeltennis maniak.*

## TWEEKAMP



**Francois Ströh** — *uitblinker op twee gebiede.*

DIT is al tradisie by Affies om puik sportmanne op te lewer. Selde word 'n sportman opgelewer wat in meer as een item uitblink. Dit is egter die geval met Francois Ströh, S.A. kampioen in tweekamp.

Tweekamp bestaan uit 'n hardloop item van 2 000m en swem oor 'n afstand van 100m. Vir beide items word 'n minimum tyd gestel waarin 1 000 punte behaal kan word. Vir elke sekonde verbetering op die tyd word daar onderskeidelik 4 punte by die hardloopitem en 8 punte by die swemitem bygevoeg.


**Prestasies**

Francois se prestasies sluit die volgende in:

- 'n 3e plek op die S.A.-Tweekamp Kampioenskappe in 1982.
- 'n 1e plek op die S.A. Kampioenskappe in 1983.

Gedurende hierde jaar verwerf Francois ook Springbokkleure en word hy bekroon met die Victor Ludorum as beste Tweekampatleet. Gedurende 1984 behaal Francois Ströh 3 eerste plekke op interprovinsiale byeenkomste.

Francois oefen onder die bekwame afrigting van mnr. P. Swanepoel. Sy sukses het getroue oefening, deursettingsvermoë en toewyding gekos. Ons hoop dat hy nog steeds sal voortbou op sy prestasies! — Red.



**OSCAR COETZEE**
**Gholfspeler van die jaar**

GEDURENDE 1983 is Oscar Coetzee aangewys as die tiende beste gholfspeler in sy ouderdomsgroep in die land.

Oscar het gedurende 1984 ses toernooie gewen waaronder: die Errol Hart trofee, Te Groen trofee, Vorderingstrofee, Standard Bank Junior Ope, BMW Gholftoernooi, Thursday School trofee. Hy behaal ook 2e plekke in die Gary Player-, Honda Ellenby Motors- en S.A. Hans Merensky toernooie.

Onder leiding van Oscar het die skool se eerste gholfspan 'n tweede plek in die Allied skole gholfkompetisie behaal.

Oscar Coetzee is ook verkies tot die Noord-Transvaalse gholfspan vir 1984.

*Daar is seker min gholfspelers op skoolvlak wat sy prestasie kan ewenaar! — Red.*

# Noord-Transvaal Rugby

Mark Minnaar, Tobie La Corn, S.W. Esterhuizen, Henry Kellbrick en Janse Papenfus is vir die Noord-Transvaalse rugbyspan gekies en Henry is ook later vir die Transvaalse span gekies.

Janse papenfus moes egter a.g.v. 'n kniebesering ophou speel en moes so sy kapteinskap van ons eie span en ook van die Noord-Transvaalse span opoffer. Volgens verskeie kenners was hy ook die grootste aanspraakmaker op die kapteinskap van die S.A.-skolespan.

Henry Kellbrick is ook as die rugbyspeler van die jaar aangewys.



*So ontspan die manne tydens 'n foto-sessie!*

# SAGTEBAL 1984

VIR die eerste keer sedert 1960 het Affies weer 'n O/19 sagtebalspan vir die liga ingeskryf.

Die O/19 sagtebalspan het in die A-liga deelgeneem en aangesien die meeste van die spelers nie baie vertroud met die spel was nie, het dit aan die begin maar broekskeur gegaan. Van die sewe wedstryde wat gespeel is, kon Affies daarin slaag om twee te wen.

Die spelers se spel het al meer verbeter, sodanig dat vier spelers na die eerste Noord-Transvaalse proewe gestuur is. Daar moes Desmond Jurgens, Leon Nigrini, Pieter van Zyl en Francois Sauer hul man staan. Net Desmond en Francois het egter daarin geslaag om na die finaal deur te dring.

## Sportman van die Termyn —

# ABRAHAM MANSER

**IN Affies het Abraham Manser hom op verskeie gebiede onderskei. Ook op kulturele, en akademiese gebied sowel as op die sportveld — en dan veral as krieketspeler.**


Abrahám C. Manser is op 9 September 1966 in Benoni gebore. Hy het sy laerskoolloopbaan aan die Laerskool Witfield voltooi. Reeds op laerskool het Abraham baie goed op die sportveld presteer. In standerd twee het hy begin met die beoefening van rugby en krieket. Hy is in stander 5 opgeneem in die Oos-Transvaalse en Noord-Transvaalse Laerskolekrieketspan.

Abraham was tot in standerd sewe in die Hoërskool Voortrekker in Boksburg. In standerd ses en sewe het hy in die Oos-Randse skolespan krieket gespeel. In 1981 het hy ook in die Transvaalse onder 15-span gespeel. Abraham het in standerd agt na Affies gekom en sedert 1982 skitterend presteer. Hy was drie agtereenvolgende jare lid van die Pretoriase Afrikaanse Hoërskole Krieketspan. Hy was in standerd 9 en 10 kaptein van Affies se eerste krieketspan wat vanjaar groot hoogtes onder sy leiding bereik het. Op die krieketveld was Abraham 'n voortreflike speler en leier.

Hy het egter ook in rugby uitgeblink en in standerd agt in die onder 15A-span gespeel. In 1983 was hy lid van die tweede span en hy het ook by geleentheid vir die Wittruie uitgedraf. Vanjaar was Abraham kaptein van die tweede span wat ongelukkig was om in die eindstryd van hul liga naelskraap te verloor. Abraham was ook lid van die skool se tafeltennisspan en geniet dit ook om af en toe tennis te speel.

### Harde werk en oefening

Hy skryf sy prestasies op die krieketveld hoofsaaklik toe aan harde oefening, asook aan die ondersteuning van sy ouers en sy skool. Hy het die meeste aanmoediging van sy ouers ontvang, maar glo dat aanmoediging by jouself begin in die vorm van selfmotivering. Abraham se groot ideaal op die sportveld is om provinsiale kleure in krieket te verwerf.



*Veelsydige sportman — Abraham Manser.*

Op akademiese en kulturele gebied het Abrahm egter net so presteer en as Stroom-op redakteur was sy leiding onmisbaar in die uitbou en verbetering van Stroom-op. Hy is van plan om volgende jaar Medies aan Tukkies te studeer.

● *Die Stroom-op redaksie wil Abraham baie gelukwens as sportman van die termyn. Hiermee wil ons namens al die Affies ons waardering uitspreek vir sy voorbeeldige diens en leiding op die sportveld en hom alle sterkte toewens met sy lewenspad vorentoe. Stroom-op wil die hoop uitspreek dat hy steeds op elke gebied, en veral op die krieketveld, groot hoogtes sal bereik. — Red.*

## Dr. Dave vertel. . .

# Administrateursbeker — Wenspan



*Eerstespan se Wenafrigter.*

***DIE eindfluitjie blaas vir oulaas. Vir baie beteken dit die einde van nog 'n rugbyseisoen. Vir andere die einde van hul rugbyloopbaan. Menige toeskouer het vir oulaas sy held gesien, vir oulaas hulde gebring aa nog 'n Affie-grote.***

*Maar vir hulle wat hierdie jaar so wonderlik gemaak het, is dit anders, heelwat anders. Vir hulle is daar hartseer — baie hartseer! — want vir hulle het dit die heeljaar om baie meer gegaan. Om die wedstryd te wen was net 'n klein deeltjie van dit wat eintlik gebeur het — die wen het eintlik vanself gekom. Maar dit wat daar was, wat daar is, en wat altyd daar sal wees, omskryf alles — en dit is die wonderlike band, liefde, vertroue en respek wat speler, medespeler en afrigter vir mekaar gehad het.*

*Met 'n verdere gesonde verhouding tot die res van die skool van die hoof tot die ouergemeenskap kon net iets wonderliks gebeur. Waar die span wit Trojane hul ookal bevind het, het hulle net deure vir hul skool en vir die spel oopgemaak — want ware ambassadeurs was hul beslis!*

*Maar my seuns was ook onder skeidsregters, beamptes en later selfs ou vyande geliefd. Ek wil dan hulde bring aan 'n wonderlike span. Glo my as ek sê dat vir sulke bulle staan ons altyd op sy, want hier stap 'n **span** verby. Affies en elke rugbyvriend salueer julle seuns, ons respekteer julle, want ons bly lief vir julle.*

*— en die eindfluitjie sal al lankal stil wees en die wedstryd al lankal verby, maar ek sal julle altyd hoor, en altyd sien, want in my sal julle bulle, altyd **bly**. Ek groet julle — ja met hartseer, maar tog weet ek dit, sulke vriende kom altyd terug.*

*Groete!*

***D. van der Merwe***
*Afrigter.*

### Wenresep

***Waaraan sou dr. van der Merwe die sukses toeskryf?***

*Ten slotte wil ek hierop antwoord deur te sê — om in 'n oop gesprek met elke seun te wees — om suksesvol te wees is ook om begenadig te wees. Dit is om oor die gawe te beskik om gesag af te dwing en om tog nog "gewild" te wees — 'n Vriend en tog 'n meerdere. Dit kom tot volle rypheid wanneer afrigter wees geskied vanuit 'n onderwysfilosofie gebaseer op 1 Kor 13, waar die liefde, die grootste gawe aan 'n mensekind, uitgespel word: "Nou wys ek julle 'n weg wat die allerbeste is. . .*


*Dankie my seuns, ek sal julle onthou.*

## Junior Springbokke:

# MARTELLUS BRITZ EN MARIUS MASENCAMP

*MARTELLUS Britz het reeds op 5-jarige ouderdom begin met die beoefening van karate. Vir hom was dit maar net die begin van 'n baie suksesvolle loopbaan.*

Sedert 1977 het Martellus nog elke jaar Noord-Transvaalse kleure verwerf. In 1977 het hy dan ook 'n eerste plek tydens die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe in die onder 30 kg-afdeling verower. In 1978 het hy daarin geslaag om die junior swartgordel in karate te verwerf. In karate is daar 'n gewigsafdeling waaraan jy deelneem in gewigsklasse en die kata-afdeling waaraan deelgeneem word in ouderdomsverband. Martellus het homself in beide afdelings goed onderskei.




*Martellus — Karatester.*

1979 was 'n besondere jaar vir hom toe hy tydens die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe 'n goue medalje verower het in die onder 40 kg-afdeling. In dié jaar het hy ook tweede geëindig tydens die Suid-Afrikaanse Spele en hy het die prestasie weer tydens die spele van 1981 herhaal. In 1983 het hy reeds die derde graad junior swartgordel verwerf en 'n bronsmedalje in die Suid-Afrikaanse Alle style Kampioenskappe. Hy het vanaf 1977 skitterend tydens die Noord-Transvaalse Kampioenskappe presteer.

1984 het aangebreek en dit was 'n groot jaar vir Martellus. Tydens die Suid-Afrikaanse Alle style Kampioenskappe eindig hy tweede in Durban en hy was ook tweede in die onder 70 kg-afdeling by die Suid-Afrikaanse Alle style Spele. Martellus het vanjaar dan ook sy Junior Springbokkleure in karate verwerf. Hy beoog om in November sy tweede dan te verwerf.

*AFFIES was nog altyd bekend vir sy uitstekende tennis en vanjaar was dit weer so. Ons het weer die Administrateursbeker vir tennis gewen teen Hoërskool Linden van Johannesburg. 'n Man wat 'n leeue aandeel hierin gehad het, was Marius Masencamp — ons eie Junior Springbok!*

Marius het begin tennis speel toe hy tien jaar oud was. Vir eers het hy die sport net as ontspanning beoefen, maar teen 14-jarige ouderdom het hy ernstig begin speel. Die eerste groot toernooi wat hy gewen het, was die S.A. Junior Nasionale Kampioenskappe. Ander toernooie wat hy onlangs aan deelgeneem het, is die Noord-Transvaalse Interprovinsiale kampioenskappe, weer eens die S.A. Nasionale kampioenskappe en die Nashua Beker toernooi, waar hy Junior Springbokkleure verwerf het.



*Marius in aksie.*

Marius se afrigters is Dennis Breetske en sy ouer broer Lennard Masencamp.

Die mense wat die grootste invloed op sy tennisloopbaan gehad het, is volgens hom sy ouers. Volgende jaar gaan Marius met die tennisbeurs wat hy ontvang het aan die Universiteit van Auburn in die V.S.A. Besigheidsekonomie studeer.

*Stroom-op wens Marius sterkte met sy verdere studies en tennisloopbaan toe en hoop hy bereik nog groot hoogtes! — Red.*



*Francois Sauer en Karel Olën gee hul teenstanders goeie oefening.*

# Sportvrou van dié termyn:

## CATHY WILSON



**Junior Springbok in karaté!**

CATHY is op 24 Oktober 1967 gebore en is tans in st. 9. In st. 4 begin sy eers met karate-onderring te Laerskool Oost-Eind (waar sy op skool was), by Kelly Anderson. Sy het nou alreeds 'n bruin gordel.

In Oktober 1984 het sy sonder veel hoop na die Springbokproewe te Brakpan gegaan, maar sy het haarself onderskat en is as Junior Springbok aangewys. Deur dié prestasie het sy outomaties Suid-Afrika op 'n toer vanaf 7 — 25 November oorsee verteenwoordig. Hulle het onder andere in Madrid, London, Zurich, Hamburg, Milaan en Rome geveg. Sy sê die kompetisie was baie sterk, maar hulle het Suid-Afrika goed verteenwoordig.

Buiten karate is Cathy ook nog musikaal. Sy lê volgende jaar haar Gr. 6 kitaar eksamen af.

Cathy wil na matriek veearts word en sal graag karate as stokperdjie afrig. Sy sê karate is glad nie onvroulik nie, dit is baie goed vir selfverdediging. Sy laat darem nie haar skoolwerk heeltemal agter nie, en het die d.m.v. 'n spesiale rooster eksamen geskryf toe sy teruggekom het van haar toer. Op 'n vraag of sy boeke saamgeneem het, het sy geantwoord: "Nee wat, hulle weeg te veel!'

Stroom-op wil net namens al die Affies vir Cathy baie gelukwens met die puik prestasie en voorspoed toewens vir wat nog alles mag voorlê.

Gedruk deur Brill Broers (Edms.) Bpk.